
# GELOOF FAITH

# In Die Woord In The Word



**Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17**

**Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17**



**POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411**

**Website address: www.stangerchristiancentre.co.za**


# Uit die oorvloed van die hart praat die mond.. Matt. 12:34

Toe God die hemele en die Aarde geskape het, het Hy hulle tot bestaan gespreek. Dit was deur die krag van Sy Woord dat alle dinge geskape is. **Deur die Woord van die HERE is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hulle hele leër (Ps. 33:6).** Toe Hy egter die mens gemaak het, het Hy hom met Sy eie Hande uit die stof van die Aarde gemaak en Sy Asem van lewe in hom geblaas, en het hy 'n lewende siel geword. Ons lees in **Gen. 1:26 : En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis: -** en deel van na Sy "gelykenis" maak, is dat God die mens geskape het met die vermoë om te praat. Dus was die mens toevertrou met die vermoë om te praat, die Here het aan hom die gesag en vermoë gegee om lewe voort te spreek. Onthou dat dit deur God se Woord was dat die hele skepping tot bestaan gebring is. **Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie (Heb. 11:3).**

Wanneer ons die krag van spraak in ag neem, wat aan ons gegee is, behoort ons regtig onsself te ondersoek omdat ons besef dat dit gebruik kan word om, volgens ons keuse, of lewe of dood voort te bring.

**Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet (Spr. 18:21).** Hierdie skrif leer ons dat ons in werklikheid die woorde wat ons spreek eet! Dink vir 'n oomblik hieroor! Wie by hul volle verstand sal die gif wat met sekere tye uit ons monde voortkom, wil eet? Die Woord leer ons duidelik dat daar 'n vrug van die tong is. En ons eet wat ons met ons tong produseer. Die soort vrug wat ons tong voortbring voed ons onsself mee. "Dood of lewe!" Daar is 'n VRUG van die tong en jy eet dit! Wat jy met jou mond sê, sal jou of besoedel of jou voed met lewe en krag. **Spr. 18:20: Van die vrug van iemand se mond word sy maag versadig; hy word versadig van die opbrings van sy lippe**.

Jesus het ons geleer aangaande die voortbring van "goeie" vrugte of "slegte" vrugte, toe Hy gepraat het van hoe om 'n "goeie" boom van 'n "slegte" boom te onderskei, en ons lees dit in **Matt 12:33-37: Julle moet òf die boom goed maak en sy vrugte goed, òf julle moet die boom sleg maak en sy vrugte sleg; want aan die vrugte word die boom geken. Addergeslag, hoe kan julle goeie dinge praat terwyl julle sleg is? Want uit die oorvloed van die hart praat die mond. Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart goeie dinge te voorskyn, en die slegte mens bring uit die slegte skat slegte dinge te voorskyn. Maar Ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag. Want uit jou woorde sal jy geregverdig word, en uit jou woorde sal jy veroordeel word.** Jesus het verduidelik dat die HART die BOOM is en jou mond is die VRUG van die boom. Wat uit jou mond kom is 'n aanduiding van wat in jou hart is. Eenvoudig gestel, 'n bose hart bring boosheid voort en 'n goeie hart sal die goeie voortbring, dus, uiteindelik word die bestemming van ons siel deur ons woorde bepaal. Die Bybel leer dat ons rekenskap sal gee van elke ydel woord wat ons spreek. Selfs as jy sê dat jy nie werklik bedoel het wat jy gesê het nie, sal jy steeds verantwoordelik daarvoor wees as jy nie bely en die Here om vergifnis vra omdat jy dit gesê het nie. Die Here sal jou vergewe as jy jou sonde erken en bely. Woorde word dikwels oorhaastig gespreek, en ons moet leer om te dink voor ons spreek. Moenie praat voordat jy dit nie oordink het nie. **Spr. 29:20: Het jy `n man gesien wat haastig is in sy woorde? Vir 'n dwaas is daar meer hoop as vir hom.** Daar is meer hoop vir 'n dwaas! Enige woorde wat jy sê en nie bedoel nie, word beskou as ydel woorde. 'n Ydel woord is enige woord wat jy nie bereid is om te steun, op te staan en met dit voort te gaan nie. God bedoel wat Hy sê, en, as Sy kinders, moet ons bedoel wat ons sê. Moenie ydel woorde gebruik nie. **Kol. 4:6: Laat julle woord altyd aangenaam wees, met sout besprinkel, sodat julle kan weet hoe julle iedereen moet antwoord.** Laat jou gesprek aangenaam wees, en pasop vir te veel praat! Ons almal ken mense wat nooit ophou praat nie – eintlik kan niemand 'n woord inkry nie. Vir ons eie onthalwe waarsku die Woord van die Here ons om NIE te veel te praat nie. **Spr. 10:19: By veelheid van woorde ontbreek die oortreding nie; maar hy wat sy lippe inhou, handel verstandig.** As jy aanhoudend praat, sal jy verseker die verkeerde ding sê. Ons lees in **Prediker 5:2: Want soos die droom kom deur baie drukte, so die gepraat van die dwaas deur baie woorde.** Die Woord sê vir ons dat 'n dwaas se

*(Vervolg op Bl. 2)*

*(Vervolg vanaf Bl. 1 - Uit die oorvloed….)*
stem geken word aan die menigte woorde wat hy spreek en 'n rustelose tong dui 'n rustelose gees aan. 'n Persoon wat glad nie kan stilbly, is nie rustig nie, maak nie saak hoeveel hy of sy oor vrede, blydskap en liefde praat nie.

Die Woord waarsku ons ook teen die groot sonde om ons tong en mond te gebruik om te skinder en stories oor ander mense oor te dra – ongeag of dit waar of nie is nie! Dit is nie ons besigheid nie en is 'n gruwel vir die Here. God HAAT dit en sê so in Sy Woord in **Spr. 6:16-19: Hierdie ses dinge haat die HERE, en sewe is vir sy siel 'n gruwel: trotse oë, 'n leuenagtige tong en hande wat onskuldige bloed vergiet, 'n hart wat onheilsplanne beraam, voete wat haastig na die kwaad toe loop, een wat as valse getuie leuens uitstrooi en tussen broers tweedrag saai.** Let op dat drie van hierdie dinge, wat vir die Here 'n gruwel is, na die tong verwys!! **Lev. 19:16: Jy mag nie as 'n kwaadspreker onder jou volksgenote rondloop nie. Jy mag nie teen die lewe van jou naaste optree nie. Ek is die HERE.** Moenie stories oor jou bure versprei nie. Soos ek reeds gesê het, dit mag nie waar wees nie, en selfs al is dit waar is dit nie jou besigheid om dit te versprei nie! 'n Storiedraer, is soos die Woord aandui, iemand wat stories oor ander mense rond vertel. **Spr. 20:19: Wie met kwaadsprekery omgaan, maak 'n geheim openbaar; laat jou dus nie in met een wat sy lippe laat oopstaan nie.** 'n Storiedraer kom gewoonlik met vleiery soos bv. "Ek sal dit nie aan sommer enigeen vertel nie, maar ek weet dat ek jou kan vertrou om dit nie aan enig iemand anders oor te vertel nie." Deur 'n vleiery is jy gereed om die gif te ontvang wat hulle wil inspuit. **Spr. 29:5: 'n Man wat sy naaste vlei, sprei 'n net uit voor sy voetstappe.** Dawid het van die gepraat wat nie opregte, vleiende woorde gepraat het, maar sy vyande was. Ons lees dit in **Psalm 12:1-5 … Red, o Here, want daar is geen vrome meer nie; want die getroues het verdwyn onder die mensekinders. Hulle praat leuens, die een met die ander; met vleiende lippe spreek hulle dubbelhartig. Mag die HERE al die vleiende lippe uitroei, die tong wat grootpraat, hulle wat sê: Met ons tong is ons sterk; ons lippe is met ons! Wie is heer oor ons?**

Ons word gewaarsku in **1 Pet. 4:15: Want niemand van julle moet ly as moordenaar of dief of kwaaddoener of as een wat hom met die sake van 'n ander bemoei nie.**

Neem kennis van hierdie lys van sondaars wat praat van moordenaars en diewe, en sluit in dieselfde lys BEMOEISIEKES in. Die Here beskou 'n bemoeisieke onder die ergste! Iemand wat alles moet weet wat aangaan en wat elkeen se lewe wil bestuur! Paulus praat van sulke vroue in die kerk wanneer hy sê: **En tegelykertyd leer hulle ook om ledig by die huise rond te gaan; en nie alleen is hulle ledig nie, maar ook praatsiek en bemoeisiek, want hulle praat wat nie behoorlik is nie (1Tim. 5:13).**

Wanneer iemand na jou kom om skindernuus te versprei wat onenigheid veroorsaak, moet ons nie na hulle luister nie, omdat as ons dit doen, ons skuldig raak aan die onenigheid wat hulle veroorsaak. Ons kan onmiddellik 'n einde aan die gif bring deur nie na hulle te luister nie! **Spr. 26:20: Deur gebrek aan hout gaan die vuur dood, en as daar geen kwaadstoker is nie, bedaar die twis.** Waar daar nie hout is kan die skinder vuur nie brand nie en onenigheid moet ook iets hê om te brand. Onenigheid word van huis tot huis en van persoon tot persoon gedra en iewers agter die onenigheid is 'n persoon wat stories dra, ons moet nie daardie skuldige persoon wees nie.

Ons lees in Spr.6:19 dat leuens 'n gruwel vir die Here is, **… een wat as valse getuie leuens uitstrooi en tussen broers tweedrag saai.** En om leuens te vertel is verbind aan ons tong en mond! **Spr. 12:22: Valse lippe is vir die HERE 'n gruwel, maar Hy het 'n welbehae in die wat getrou handel.** Weereens sien ons wat 'n gruwel lippe wat leuens vertel vir die Here is. Het jy geweet dat wanneer 'n persoon oor jou 'n leuen vertel het, dat hy jou daarna sal haat omdat hy dit gedoen het. **Spr. 26:28: 'n Valse tong haat die wat hy verbrysel het, en 'n gladde mond bewerk ondergang.** Die persoon wat oor jou leuens vertel het sal jou haat omdat hy dit gedoen het.

Jesus het vir ons gesê dat alle leuens van die duiwel self kom. **Joh. 8:44: Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mense moordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan.** Elke keer as ons 'n leuen op ons lippe neem, neem ons iets van die duiwel! Oordink die feit vir 'n oomblik. Ons lees in **Open. 21:8: Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.** Volgens hierdie skrif is die finale bestemming van alle leuenaars die poel van vuur. Daar is egter altyd berou, en as jy God om vergifnis vra en jou weë verander sal die Here jou vergewe en die bloed van Jesus reinig ons van alle sonde. Halleluja! Daar sal geen leuenaars in die Nuwe Jerusalem wees nie. **Openb. 22:15: Maar buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen.**

Jy besluit! Die Woord van die Here sê vir ons dat wat ons met ons mond doen bepaal die rigting van ons lewe, en hierdie uiters belangrike en kosbare waarheid lees ons in **Spr. 13:3: Wie sy mond bewaak, bewaar sy lewe; wie sy lippe wyd oopmaak, vir hom is daar ondergang.** Dieselfde waarheid word herhaal in Spr. 21:23 wat ons waarsku om versigtig op ons tong te let en te bewaar (wat ons sê) daardeur maak ons seker dat ons ons siel beskerm! **Hy wat sy mond en sy tong bewaar, bewaar sy siel van benoudhede (Spr. 21:23).** Die Woord vertel aan jou hier dat jy jou siel uit die moeilikheid hou deur op jou mond en tong te let.

Baie Christene regverdig hulle "verspreiding van nuus" oor ander deur te verklaar dat dit vir "gebedsdoeleindes" is, maar in werklikheid soek hulle net eenvoudig die aandag van ander en vind dikwels hul identiteit in die soort gedrag. Die skrif het baie hieroor te sê in die boek van Jakobus. **Jak. 1:26: As iemand onder julle meen dat hy godsdienstig is en sy tong nie in toom hou nie, maar sy hart mislei, die godsdiens van hierdie man is tevergeefs.** As Christene moet ons regtig te alle tye aandag gee aan wat ons mond sê!!

**Jak. 3:2-6: Want ons almal struikel dikwels. As iemand in woorde nie struikel nie, is hy 'n volmaakte man, in staat om ook die hele liggaam in toom te hou. Kyk, ons sit stange in die perde se bekke, sodat hulle ons gehoorsaam kan wees, en ons stuur hulle hele liggaam daarmee. Kyk, ook die skepe, alhoewel hulle so groot is en deur**

*(Vervolg op Bl. 3)*

*(Vervolg vanaf Bl. 2 - Uit die oorvloed….)*

**hewige winde voortgedryf word, word gestuur deur 'n baie klein roer net waarheen die stuurman wil. Net so is die tong ook 'n klein lid en beroem hom op groot dinge — kyk hoe 'n groot hoop hout steek 'n klein vuurtjie aan die brand. Die tong is ook 'n vuur, die wêreld van ongeregtigheid. Net so 'n plek neem die tong onder ons lede in; dit besmet die hele liggaam en steek die hele lewensloop aan die brand en word uit die hel aangesteek.**

As jy jou tong kan beheer, is daar geen deel van jou liggaam wat jy nie kan beheer nie. As jy wil weet hoeveel selfbeheer jy het, kan jy dit waarskynlik baie akkuraat meet deur tot hoe 'n mate jy jou tong beheer. Wat in die mond is, soos met die perd se stang, beheer die hele liggaam. Die tong is die roer van jou lewe! Die gebruik van die roer bepaal die skip se bestemming. En die gebruik van jou tong bepaal die koers van jou lewe. Gebruik die roer reg, en jy kom veilig in die hawe, misbruik die roer en jy veroorsaak 'n skipbreuk, neem daarom 'n besluit om jou tong te beheer, omdat dit jou lewe beheer.

Die Woord sê vir ons dat die klein tong 'n groot vernietigende vuur kan begin! Dink net hoe 'n klein vuurhoutjie 'n vuur kan begin wat 'n hele gebou verteer. En die mens se tong begin vure wat huise en kerke en gemeenskappe en nasies afbrand. Een klein vuurtjie. Oorloë begin met woorde, dink daaraan! God se Woord vertel vir ons dat die tong ons hele liggaam besoedel. Met ander woorde, jy kan nie 'n skoon liggaam hê as jy 'n vuil tong het nie, en die feit alleen behoort aan ons 'n ware vrees vir die Here te gee. Lees wat die Woord sê in **Ps. 34:12-14: Kom, kinders, luister na my; ek wil julle die vrees van die HERE leer. Wie is die man wat lus het in die lewe, wat dae liefhet om die goeie te sien? Bewaar jou tong vir wat verkeerd is, en jou lippe dat hulle nie bedrog spreek nie.** Volgens hierdie skrif, is die grootste struikelblok vir ons om 'n goeie en lang lewe te hê die misbruik van ons tong. Negatiewe woorde wat uit ons hart kom, bemoeilik ons lewens en produseer net dood en vernietiging. Ek het baie mense die volgende dinge hoor sê: "Ek is nie by magte nie, ek slaag nooit, niks goeds gebeur ooit met my nie, ek het geen geloof nie, die huurgeld sal nooit betyds aankom nie, ek glo dat ek 'n operasie sal moet ondergaan" en so aan. Vir die mens klink die woorde aanvaarbaar, maar hulle is vir God onaanvaarbaar. As 'n mediese dokter, het ek mense hoor sê: "My vader is aan 'n hartaanval dood dus sal ek waarskynlik op dieselfde manier gaan". Ek weet watter invloed woorde op mense kan hê, en hoe vernietigend hulle kan wees. Byvoorbeeld, nadat ek met 'n stetoskoop na die hart van 'n volkome gesonde pasiënt luister, en as ek vir hom sou vra: "Het jy as kind rumatiekkoors gehad, of is daar 'n geskiedenis van hartsiekte in jou familie?" – sal hy onmiddellik vreesbevange raak en begin om die ergste te glo! Hy mag selfs begin om simptome in sy gedagtes te ontwikkel en daaraan toegee, alhoewel hy volkome gesond is en sy hart heeltemal normaal is. Alles as gevolg van my woorde. Dieselfde reaksie sou plaasvind as ek 'n negatiewe opmerking maak nadat ek die bloeddruk van 'n persoon sou neem wie se bloeddruk volkome normaal is. Woorde kan vernietig, en ek is seker dat jy nou my punt kan insien aangaande die mag wat woorde oor ons lewens het! Ons moet God se Woord te alle tye oor ons situasies spreek. Sy Woord is Gees en is Lewe (Joh. 6:63).

Ons werklike probleem is in die hart soos Matt. 12:33 -34 ons vertel. **Julle moet òf die boom goed maak en sy vrugte goed, òf julle moet die boom sleg maak en sy vrugte sleg; want aan die vrugte word die boom geken. Addergeslag, hoe kan julle goeie dinge praat terwyl julle sleg is? Want uit die oorvloed van die hart praat die mond (12:33-34).**

Die hart is die boom, die mond is die vrug. As dit slegte vrugte is, moet dit 'n slegte boom wees. 'n Goeie boom kan nie slegte vrugte voortbring nie. Jakobus bevestig dit in **Jak. 3:10-12: Uit dieselfde mond kom seën en vervloeking. Dit, my broeders, behoort nie so te wees nie. 'n Fontein laat tog nie uit dieselfde oog vars en bitter water opborrel nie? 'n Vyeboom, my broeders, kan tog nie olywe voortbring, of 'n wingerdstok vye nie? So kan geen fontein brak en vars water voortbring nie.** Daar vergelyk hy weer die hart met die boom en die woorde wat uit ons mond kom, met die vrug. Die boom word aan sy vrug geken. **Spr. 18:21 Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet.** Dood of lewe. Ons moet die vrug van ons eie tong eet. Goed of sleg, ons eet dit. **Spr.4:23-24: Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe. Verwyder van jou die valsheid van mond, en hou ver van jou af die verkeerdheid van lippe.** Hou jou hart met alle ywer omdat alles wat uit jou mond kom, uit die hart is. Jy kan nie met jou mond deel tensy jy nie eers met jou hart gedeel het nie, en daarom is die mond so belangrik, omdat dit die barometer is van wat in jou hart is.

Slegte woorde is sonde! As jy verkeerd praat sondig jy. Wanneer ons besef dat dit sonde is en tot ons met dit deel in plaas van verskonings maak, dit ligtelik hanteer en probeer om dit te regverdig, sal daar geen verandering in ons wees nie. As ons egter berou daaroor het en om vergifnis vra, sal die Here ons vergewe. **1 Joh. 1:9: As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig**. Maar ons moet by die plek kom waar ons dit bely as 'n sonde sodat God ons kan vergewe en reinig. **1 Joh. 1:7: Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.** God het 'n kuur vir die probleme van die tong, maar voordat ons dit nie herken en berou het en God om vergifnis en reiniging vra nie, aanvaar ons nie Sy oplossing nie. Ons moet nie toelaat dat die duiwel oor ons tong heers nie! Daar is 'n besluit wat geneem moet word dat dit die tyd is om jou voet neer te sit. Die duiwel weet wanneer ons nee sê en dit bedoel! **Rom. 6:12-13: Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie. En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God.** Sê vir die duiwel dat hy nie jou hande, voete en veral jou tong kan hê nie. Jesus het dit deur Sy Bloed bevry. Sê, Satan, ek gaan nie toelaat dat jy my tong beheer nie. Gee jou tong aan God om 'n instrument van geregtigheid tot Sy eer te wees. God het jou lippe opsy gesit vir Homself.

Weet jy waarom God jou die vermoë gegee het om te praat, en waarom Hy 'n tong in jou mond gesit het? **Psalm 16:9: Daarom is my hart bly en my EER juig; ook sal my vlees in veiligheid woon**. Hierdie Psalm word herhaal in **Hand : 2:26: Daarom is my hart bly en my TONG juig, ja, ook sal my vlees**

*(Vervolg op Bl. 4)*

*(Vervolg vanaf Bl. 3 - Uit die oorvloed…)*

**nog rus in hoop.** My TONG was bly! Ons kan dus aflei dat my TONG my EER is. Waarom is jou tong jou eer? Omdat dit aan jou vir een doel gegee is, en dit is om God te verheerlik! Met jou tong, **bo** al jou ander lede, het jy die voorreg om God te verheerlik. **Ps. 30:12-13: U het my weeklag vir my verander in 'n koordans, U het my roukleed losgemaak en my met vreugde omgord; sodat my EER U kan besing en nie swyg nie. HERE, my God, vir ewig sal ek U loof.**

God wil hê dat ons Hom moet prys vir wat Hy vir ons gedoen het. **Psalm 57:8-9: My hart is gerus, o God, my hart is gerus; ek wil sing en psalmsing. Waak op, my EER! Waak op, harp en siter ! Ek wil die dageraad wakker maak!**

Maak my EER wakker, ek wil sing! Word wakker musiekinstrumente en word wakker my TONG sodat ons die Here kan prys. **Psalm 108:2: My hart is gerus, o God! Ek wil sing en psalmsing, ja, ook my EER.** Ek sal sing met my EER! Waarmee sing ons? Ons TONG. Jou tong is jou eer en die Here het ons 'n tong gegee om te gebruik om met Hom te gesels en om Hom te verheerlik! Dit bly ons besluit of ons dit gaan doen of nie. **Ek wil die HERE altyd loof; sy lof sal altyddeur in my mond wees.** Dit is 'n persoonlike besluit! Ps. **35:28: En my tong sal u geregtigheid prys, u lof die hele dag deur.**

My tong sal van U geregtigheid spreek en daarom is daar geen tyd vir skinder nie! **Ps. 63:4-6: Want u goedertierenheid is beter as die lewe; my lippe moet U prys.**

**Só sal ek U prys my lewe lank, in u Naam my hande ophef. Soos met vet en vettigheid sal my siel versadig word, en my mond sal roem met jubelende lippe.** As gevolg van U liefdevolle goedheid, sal my lippe U prys. Moenie die Here NET in jou hart prys nie, doen dit ook met jou lippe en tong. Dit bring oorwinning. Ek sal van die vettigheid van die land lewe as ek werklik leer om die Here te prys volgens hierdie Psalm.

Die Bybel sê vir ons dat Jesus ons Hoëpriester is, vir ons intree, ons verteenwoordig in die Hemel op een grondslag – ons belydenis, wat beteken – sê dieselfde as wat God sê. Bely is om met jou mond dieselfde as God te sê. Bely is om die woorde van jou mond dieselfde ding te laat sê wat God in Sy Woord sê. En Jesus is ons Hoëpriester van ons belydenis. **Heb. 3:1: Daarom, heilige broeders, deelgenote van die hemelse roeping, let op die Apostel en Hoëpriester van ons belydenis, Christus Jesus,**

Wat jy met jou mond sê, bepaal wat Hy vir jou in die Hemel kan doen! As jy aanhoudend negatief spreek, nie in lyn met Sy Woord nie, is die belydenis waarmee Jesus in die hemel moet werk. **Heb. 4:14: Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou.** Jesus is 'n GROOT Hoëpriester daarom laat ons die belydenis van ons geloof vashou. Ons moet nie twyfel of weifel nie. As jy op Sy Woord vir genesing staan, en gister dit verklaar en glo **"Deur Sy wonde is ek genees" (Jes. 53:4-5)** sê dit dan weer vandag en hou aan om dit te sê, as Satan dit erger maak is dit 'n goeie teken, dit beteken dat jy 'n bedreiging vir hom word, hou dus aan om dit te sê! Hou vas aan jou belydenis. **Heb. 10:21: en ons 'n groot Priester oor die huis van God het. Heb. 10:23: Laat ons die belydenis van die hoop onwankelbaar vashou, want Hy wat dit beloof het, is getrou;**

Elke keer wanneer jy die waarheid van God se Woord bely, kom Jesus in die Hemel vir jou in aksie, en daarom is dit nog meer rede vir ons om te stop om ons tonge vir die duiwel se doelstellings te gebruik. Ons moet berou hê as ons hieraan skuldig is en na God gaan en dit as sonde bely en om vergifnis en reiniging vra. As jy 'n ander gelowige seergemaak het, mag dit nodig wees om na hom te gaan en om vergifnis te vra. Dit is tussen julle en God. Gaan in jou binnekamer en deel met jou hart en met jou tong, en maak reg waar ook al jy dit moet doen. Doen dit vandag en jou lewe sal verander.

**Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag (Deut. 30:19).**

**Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet (Spr. 18:21).** □

# Himself took our infirmities, and bare our sicknesses Matt. 8:17

Isaiah the prophet, looking forward to the Messiah, declared, **"Surely he hath borne our grief's, and carried our sorrows: yet we did esteem him stricken, smitten of God, and afflicted"** (Is. 53:4). The Spirit of God interpreted this prophecy in an unmistakable way in Matthew 8. Jesus had just healed Peter's mother-in-law. Then as evening came, a large multitude brought their sick to be delivered; Jesus healed them for the reason given in the following verses: **"When the even was come, they brought unto him many that were possessed with devils: and he cast pit the spirits with his word, and healed all that were sick: That it might be fulfilled which was spoken by Esaias the prophet, saying, Himself took our infirmities, and bare our sicknesses" (Matt. 8:16-17).**

Thus we clearly see that Christ healed because He bore the sickness and diseases of the human race on the Cross. This is not a human interpretation (as it might be considered if someone other than the Holy Spirit had so interpreted the passage in Isaiah), but one given by none other than God Himself. The following verse in Isaiah, moreover, carries out the same thought when it declares, **"And with His stripes we are healed."**

It is plainly evident, therefore, that divine healing is in the atonement of Christ, and becomes a part of the Christian's inheritance as much as pardon from sin. It is for this reason that Jesus could speak of healing as the "children's bread". Incidentally, every blessing that the child of God receives comes through the atonement and obedience to God's Word. Read our book "The Lord's Table and Healing."

We have seen that Christ's healing of the sick is a fulfilment of Isaiah 53, wherein He took upon Himself our infirmities and our diseases. There are other Scriptures which show that Christ's healing of the sick was a fulfilment of prophecy. Among these are the words of Jesus in Luke 4:18-19: **"The Spirit of the Lord is upon me, because he hath anointed me to preach the gospel to the poor; he hath sent me to heal the broken-hearted, to preach deliverance to the captives, and recovering of sight to the blind, to set at liberty them that are bruised."**

It is significant that Jesus in His sermon should refer to Naaman the Syrian, who received healing, while the lepers of Israel of that day died of their leprosy. And He spoke of many widows of Israel in the day of Elijah, but to none of them was the prophet sent except to a woman of Sidon who was a Gentile. Although Christ's ministry was a fulfilment of prophecy, it could accomplish nothing where there was no faith. And thus it was in Nazareth. **"And he could there do no mighty work, save that he laid his hands upon a few sick folk and healed them."** (Mark 6:5).

Nevertheless, to those who believe Jesus is **"the same yesterday, and today, and forever"** (Heb. 13:8), He still ministers His healing power to the needy, according to the words of Isaiah's prophecy written twenty-six centuries ago.

Jesus said, **"And as Moses lifted up the serpent in the wilderness, even so must the Son of man be lifted up: That whosoever believeth in him should not perish, but have eternal life"** (John 3:14-15). Here Christ recognised that the brazen serpent that Moses raised in the wilderness was a type of Himself. The children of Israel had broken the law of God, so the fiery serpents were biting the people and many were

*(Continued on page 6)*

*(Continued from page 5 - Himself took our infirmities...)*

dying. At the command of the Lord, Moses raised up the brazen serpent. True to the promise, whoever looked at the serpent was healed of the poisoning and did not die (Num. 21:5-9).

This type of Christ, the brazen serpent, resulted in the healing of the children of Israel. Would it not be strange if the type had the power to heal, and ***the One to whom the type looked forward, even Christ, did not have that power, or did not choose to use that power to heal His people?***

Notice also in the types of Leviticus 14 and 15 that sickness was healed through atonement; that is, certain sacrifices were made in connection with the cleansing and healing of disease So Christ, being the fulfilment of these types, cleanses the sick person not only of his sins, but of his sickness, by reason of His sacrifice and atonement.

Christ revealed His mission to the Jews, that He was their Messiah, even the Son of God (John 10:36). But many were slow in accepting His claims. Thereupon, Jesus said, **"If I do not the works of my Father, believe me not."** Then He added, **"But if I do, though ye believe me not, believe the works: that ye may know, and believe, that the Father is in me, and I in him"** (John 10:37-38). It was the miracles that Jesus did that convinced Nicodemus, a ruler of the Jews, that God was with Him (John 3:2). It was the healing of his son that caused the nobleman to believe (John 4:53). The blind man, after he received his sight, was quickly convinced, when Jesus told him that He was the Son of God (John 9:35-38).

The widow at Zarepath was persuaded that Elijah was a true man of God when he restored to life her child (1 Kings 17:24). In the Great Commission the healing of the sick, as well as the manifestation of other important signs, was to be considered one of the proofs to the world of the identity of true believers (Mark. 16:17-18).

Some believe that Jesus performed the miracles to prove only to the generation of His day that He was the Son of God and that such proof is not needed any more. But is it not a fact that today there are many million more unbelievers than there were in the days of Christ? One must be uninformed indeed not to realise that the ugly spectre of unbelief with its denial of the inspiration of the Scriptures has raised its head higher now than ever before in history. Whole nations have forgotten God. The need for the power of the supernatural to prove the claims of Christ is certainly as great today as it ever was. In fact, Jesus told His disciples in Matt. 28 verses 18-20: **All power is given unto me in heaven and in earth. Go ye therefore, and teach all nations, baptizing them in the name of the Father, and of the Son, and of the Holy Ghost: 20 Teaching them to observe all things whatsoever I have commanded you: and, lo, I am with you alway, *even* unto the end of the world. Amen.** Certainly, of the things that Jesus taught His disciples was to preach the Gospel and heal the sick. (Matt. 10 and Luke 10). He told them to observe them unto the end of the world, and the world has not ended yet.

When His forerunner, John the Baptist, had some doubts regarding the mission of Christ, he sent messengers to Him saying, "Art thou he that should come or do we look for another?"

How did the Lord answer this question? Did He send back to John a series of arguments as to why He must be the Messiah? No. He merely told the messengers to remain in His midst while He was ministering to the sick. **"And in that same hour he cured many of their infirmities and plagues, and of evil spirits; and unto many that were blind he gave sight" (Luke 7:21)** Then after the healing session was over, He said to the messengers: **"Go your way, and tell John what things ye have seen and heard; how that the blind see, the lame walk, the lepers are cleansed, the deaf hear, the dead are raised, to the poor the gospel is preached. And blessed is he, whosoever shall not be offended in me" (Luke 7:22-23).**

Every healing that takes place is one more proof that Jesus is the Son of God with power, and that He is the same yesterday, today and forever. ☐

## Spesiale Woord van Dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word. Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

## GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

*Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.*

***

*There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.*



# uit **Dr James** se kantoor

Geliefdes in Jesus,

**Nogtans sal ek jubel in die Here, ek sal juig in die God van my heil. Hab. 3:18.**

Die Ou Testamentiese boek, Habakuk, is 'n kragtige boek oor geloof. Die sentrale tema is dat die regverdige uit die geloof sal lewe (Rom. 1:17), en dan beskryf dit ook die stryd en oorwinning van so 'n lewe, want stryd is daar beslis. Dit is nie so dat 'n Kind van die Here net maanskyn en rose belewe, sonder vervolging nie – so 'n voorstelling van die Christenlewe is 'n misleiding. Hab. 1:1-4 stel die vrae wat geloof stel. Hoofstuk 2:1 beskryf die wag wat met geloof saam gaan, en hoofstuk 3:4-17 sing die oorwinningslied van geloof. Dit is ook hierdie soort geloof wat Paulus oordra in die Nuwe Testament in sy briewe aan die Romeine, Galasiërs en die Hebreërs. Die geloof wat nie na omstandighede kyk nie, nie gelei word deur gevoelens nie, maar kyk na die Here en Sy Beloftes.

Dit is die soort geloof wat kan uitroep, "afgesien van alles om my", **nogtans sal ek jubel en juig in die God van my heil. Die Here is my sterkte, en Hy maak my voete soos die van herte, en Hy laat my tree op my hoogtes (Hab. 3:18-19)**

Miskien sal dit goed wees as ons tog weer let op 'n paar uitsprake van Paulus oor geloof: **Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie. (Heb. 11:1) En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek. (Heb. 11:6)**

**En alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde (Rom. 14:23) Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God (Rom. 10:17)**

Let op dat ons net ons geloof kan rig op dit wat volgens die Woord van God is: wat volgens Sy Wil is. So kan jy bv. nie jou geld op die geluksgodin (perderesies, lotery, ens) plaas en dan gelowig bid dat jy moet wen nie, dit is buite God se Wil volgens **Jes. 65:11 Maar julle wat die HERE verlaat, wat my heilige berg vergeet, wat 'n tafel dek vir die geluksgod en die mengsel inskink vir die godin van die noodlot—** Maar ons weet dat redding, genesing en voosiening van ons behoetes, binne God se Wil is, daarom kan ons vol geloof daarvoor bid,

**Jes. 53:5: … en deur Sy Wonde het daar vir ons genesing gekom.** Dieselfde geld vir die redding van 'n siel; herstelde huwelik; geseënde kinders – dit is alles volgens God se Wil, want dit is alles volgens God se Woord. Hierdie is 'n baie belangrike aspek van geloof. Let op **1 Joh. 5:14: En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens Sy Wil.**

'n Alternatiewe woord vir geloof, is vertroue. Geen wonder dan dat die Here sê dat dit onmoontlik is om Hom te behaag as ons Hom nie vertrou nie (sonder geloof nie – Heb. 11:6). Geen menslike verhoudings kan bestaan sonder wedersydse vertroue nie, en des te meer kan 'n verhouding tussen ons en ons Hemelse Vader nie bestaan sonder dat ons Hom vertrou nie! Dis eintlik so maklik en so eenvoudig: vertrou Hom net! Ons vertrou mekaar, alhoewel ons almal sondige, feilbare mense is. Hy is God wat nooit verander nie, wat nie kan lieg nie – waarom sukkel ons dan so om Hom te vertrou!?

In die jare 1979-80 het die Here ons by die Sentrum in die leerskool van vertroue/geloof geplaas en elke dag het Hy Sy Woord gehou op elke gebied van ons lewens en ons nooit eenkeer die afgelope twee en dertig jaar gefaal nie. Vandag vertrou ons Hom onwrikbaar en ons leef uit hierdie vertroue/geloof. Ons is so dankbaar daarvoor, en ook vir die geleentheid om deur middel van persoonlike kontak en literatuur baie duisende mense se geloof/vertroue in die Here oor die jare te kon onderskraag, sodat ook hulle uit die geloof kan lewe volgens Rom. 1:17: **Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe.**

Jesus se koms is naby, en ons lees Sy woorde in **Lukas 18:8:... maar as die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind?**

Ons bid ook in hierdie tyd, met innige meegevoel, vir Israel, en staan saam met die volk in hul uur van beproewing en nood. Ons word herinner aan die dringendheid van die tyd waarin ons leef en is bewus van God se profetiese Woord wat daagliks vervul word. Dit alles gebeur om ons te herinner dat Jesus binnekort gaan kom, loof Sy Heilige Naam. Ons weet egter dat ons die werke van ons Hemelse Vader moet doen **"so lank as dit dag isl die nag kom wanneer niemand kan werk nie**" (Joh. 9:4), en dit is ons uitdaging en begeerte wat baie makliker gemaak word deur al julle gebede, liefde en finansieële ondersteuning, asook julle aanmoediging en getrouheid.

Wees altyd verseker van ons liefde en volgehoue gebede. Mag die Here elkeen en almal van julle ryklik seën, asook julle geliefdes.

Baie liefde groete.

*Dr James*



# Ons God van wonderwerke

**…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid**

Dit is met 'n baie blye dankbare hart dat ek die getuienis aan u stuur. Dankie Dr. James en Meg dat julle in gehoorsaamheid teenoor die Woord van God, waarin julle al die jare staan en soos 'n Paulus intree vir ons. Ons harte loop oor van dankbaarheid teenoor ons God van Wonders, ons Verlosser Jesus Christus vir die wonderwerk wat Hy, ons onwaardige diensknegte van Hom, mee geseën het en Erens (my man) onmiddellik aangeraak het toe Dr. vir hom gebid het. Baie gebede is al oor die afgelope 4 jaar deur ons opgestuur in geloof en ons het God vertrou, maar op 4 Mei 2011 was dtit God se tyd om Erens te genees. Erens is al 77 jaar en het dag en nag geworstel met geweldige rugpyn. Die rugspesialis hier het gesê dat hy niks vir Erens se rug kan doen nie, maar ons het bly glo want ons glo in ons Hemelse Spesialis wat spesialiseer in die onmoontlike. Ons prys Hom want hy alleen is waardig en doen nog daagliks wonders, loof en prys Sy lieflike naam. Aan Abba Vader en Jesus van Nasaret en Sy soete Heilige Gee skom al die eer en glorie toe. Dr. James en Meg, dankie dat u die gehoorsame instrumente in God se Hand is en Sy lieflike waarheid van SY Woord uitdra! Gods rykste seën bid ons gereeld af op julle kosbare bediening. Dr. Die wonderwerk van 4 Mei 2011 was nie die eerste keer wat Erens aangeraak was nie, in 1970 in Klerksdorpse Stadsaal was Erens ook eendag onmiddellik genees tydens 1 van u dienste daar. So getrou en liefdevol is ons Sekpper, Redder en Verlosser. Ons dank Vader God vir SY almag en krag en ook vir Sy kinders, soos u en Meg, wat in Sy diens staan. Dr. Hou julle so aan dit is amper huistoe gaan tyd vir Sy Bruid, dit is baie naby, prys Sy Naam. Met al ons liefde en gebede aan u en u span.

Groete in Jesus Naam. Lief vir julle!

**Mnr en Mev E Ludeke, Middelburg**

Ek wil vir u baie dankie sê dat u vir my been gebid het. Glo my daar is ' baie groot verbetering in my been, ek het baie minder pyn en kan makliker loop. Weereens baie dankie!! Al my dank aan ons Hemelse Vader.

**Mev F Minnie, Kaapstad (30 Mei 2011)**

Dr James, baie dankie aan u en u personeel vir die liefde en hartlikheid tydens ons besoek. Die Here het julle spesifiek op Stanger geplaas en Hy sal altyd personeel en finansies voorsien, sodat hierdie kosbare saak nie skade ly nie. Waar ons ookal gaan sal ons getuig van wat ons gesien, en self ervaar het. Ek was 'n diabeet. U het die hande op my gelê en vir my gebid. Die Here het my wonderbaarlik aangeraak. Van daardie oomblik af, is die duisende naalde, wat my voetsole gedurigdeur gesteek het, weg. My enkels, wat daagliks pynlik was, is genees. My suikertelling het by normaal gestabiliseer en wissel nie meer so baie soos voorheen nie. Ek loof en prys ons Hemelse Vader! Liefdegroete.

**Mev S Kotze, Bloemfontein (19 Mei 2011)**

Dit is altyd 'n voorreg om aan u en almal wat saam met u in diens van die Here is te skryf. Die Here is wonderbaarlik goed vir my. Ek wil ook net getuig van Sy liefde en goedheid. Die Here het my genees en ek het geen pyn meer van seer kliere nie. Ek dank en loof Hom daarvoor!

**Mnr F Jacobs, Durban (4 Mei 2011)**

Ek groet julle almal in die wonderlike naam van ons Here Jesus Christus. Vyf maande gelede het ek vir 'n voorbidding gevra vir 'n baba. En ek wil net al die eer gee aan die Hemelse Vader vir die wonderwerke, ek was gister by die dokters en ek is swanger. Ek sê net baie dankie vir al die gebed!! Baie liefde en groete aan almal by die sentrum.

**Mev C Holtzhausen, Namibia (30 Mei 2011)**

Die Here het my man, Herman se rug en bene volmaak genees! Die lamheid is weg! Ek kan nie ophou om Vader te loof en te vertel nie. Ons Vader se genade is oneindig en Sy liefde onbeskryflik! Die Here Jesus seën elkeen van julle. Liefdegroete.

**Mnr en Mev I van Zyl, Brakpan (28 Mei 2011)**

My getuienis tot eer van die Here. My dogter is na 'n bekende kardioloog verwys nadat die dokter 'n abnormaliteit in haar hart opgemerk het. Met die inspannings EKG bevind die kardioloog dat dit duidelik wys op 'n verstopping van die bloedvate om die hart. Ek het u geskakel om saam met my vir my dogter te bid. Die volgende dag was sy vir 'n angiogram. Die uitslag van al die toetse was dat daar geen verstopping is nie, en haar hart heeltemal normaal funksioneer. Alle eer kom die Here toe, en ons loof en dank Hom vir die wonderwerk.

**Mev J Schoeman, Pretoria (Mei 2011)**

Prys die Here, u gebede is verhoor. Ek het geskryf en gevra u moet bid vir my. Ek het 'n spastiese dikderm gehad. Die dokter het my verwys na sê die spesialis my dikderm is volkome gesond. Jesus se wonde het my genees! O, hoe Groot is God! Sy goedertierenheid strek tot in ewigheid. Loof Hom vir ewig!! Die Here seën julle ryklik. Groete

**Mev N Horne, Lambertsbaai (26 Junie 2011)**

So 'n ruk gelede het ek vir u geskryf en gevra dat u asseblief vir my Tannie Hester Bezuidenhout wie bipolere depressie gehad het. Dokter ek wil net vir u sê dat dit nou omtrent 'n maan is wat daar 'n totale verbetering by haar is. Ek kan nie genoeg sê dankie Here Jesus dat u gebede vverhoor is. Dit is so wonderlik om by haar te kom en sy lag en maak self 'n ou grappie. Haar gesig straal al my dank aan ons Here vir so 'n groot genade. Met haar gereelde besoek aan dr van Brandis was hy self verbaas. Hy het haat medikasie die afgelope jaar baie verminder. Dankie, dankie Here vir u genade!! **Mev K Hauptfleish, Pretoria (16 Junie 2011)**

Groete in die wonderlike naam van Jesus Christus. Ek het die 24ste Mei om 11 uur na die sentrum gebel en voorbidding gevra vir my agter kleinkind. Sy is die 9de Mei gebore, met 'n baie moeilike bevalling haar regter armpie het gebreek. Ek het met Jacqueline gepraat en sy het my verseker die volgende dag, Woensdag die 25ste Mei sal julle vir haar bid. Sy het ook gesê dat u almal staan saam met ons in oorwinning. Die 31ste Mei het hulle 'n afspraak gehad by die professor en hy het bevestig die armpie het volkome herstel. Prys Sy Naam. Ek en my man het daardie oggend van die 24ste Mei saam met u van 7 tot 8 in gebed verkeer. Ons loof en prys Sy wonderlike naam. Hy is die God van wonderwerke. Liefde groete aan u en almal wat saam met u bid. **Mev M E Horn, Kraaifontein**